NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 150 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	H ✓	(1)
	1.1.2	F ✓	(1)
	1.1.3	B ✓	(1)
	1.1.4	I ✓	(1)
	1.1.5	K ✓	(1)
1.2	1.2.1	A ✓	(1)
	1.2.2	C ✓	(1)
	1.2.3	C ✓	(1)
	1.2.4	C ✓	(1)
	1.2.5	B ✓	(1)
	1.2.6	D ✓	(1)
	1.2.7	B ✓	(1)
	1.2.8	C ✓	(1)
	1.2.9	C ✓	(1)
	1.2.10	A ✓	(1)
			[15]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2

2.1 2.1.1 ✓ Navraag (1)

2.1.2 ✓ Boekmerk (1)

2.1.3 ✓ Draagbare (1)

2.1.4 ✓ Disk Cleanup (1)

2.1.5 ✓ Kuberafknouery (1)

2.1.6 ✓ Tesourus (1)

2.2 2.2.1 **Mobiele kantoor:** Die gebruik van mobiele toestelle (skootrekenaar, tablet, slimfoon) om jou in staat te stel om rekenaarwerk te doen waar jy ook al is ("aan die beweeg"). ✓ (1)

2.2.2 **Skyfskandeerder:** 'n Nutsprogram wat 'n aandrywer vir enige foute kontroleer (en hulle probeer regstel). ✓ (1)

2.2.3 **Intranet:** 'n Privaat netwerk wat deur organisasies gebruik word om inligting te deel wat slegs vir die organisasie se werknemers beskikbaar is. ✓ (1)

2.2.4 **Warmkol:** 'n Plek met 'n Wi-Fi-netwerkverbinding wat deur 'n rekenaar/tablet/slimfoon voorsien word wat gebruikers in staat stel om met die Internet te verbind. ✓ (1)

[10]


25 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË

3.1.1



[<https://www.anandtech.com/show/456>]

Naam van hardeware	SVE-gleuf/-sok (1)
Hooffunksie	Die verwerkersok (ook 'n SVE-sok genoem) is die verbinder op die moederbord wat 'n SVE hou. ✓ **OF** SVE-sok vorm deel van die elektriese koppelvlak en kontak tussen die moederbord en die SVE. ✓ **OF** 'n **Sok** is die rangskikking van penne en die beveiligings-meganisme wat 'n verwerker in plek hou en die **moederbord** met die beskikbare verwerkingskrag verbind. ✓ **OF** 'n **Sok** laat die SVE toe om met die moederbord te verbind.✓ (Moenie die punt toeken indien kandidaat die funksie van 'n SVE gee nie.) (1)

IEB Copyright © 2022

3.1.2



[<https://www.techradar.com/how-to/computing-components/>]

Naam van hardeware	Hardeskyfaandrywer (1)
Hooffunksie	'n Hardeskyfaandrywer (HDD), hardeskyf, of vaste skyf is 'n elektromeganiese databergingstoestel. ✓ **OF** HDD is 'n toestel wat magnetiese velde gebruik om digitale data te stoor en te herwin ✓ deur een of meer vinnig roterende vaste plate wat met magnetiese materiaal bedek is, te gebruik. **OF** 'n Hardeskyfaandrywer (HDD) stoor data permanent. ✓ (1)

3.1.3



[https://www.oasistechnologies.co.za/FindCategory.aspx?SelectedGroup]

Naam van hardeware	Dataprojektor (1)
Hooffunksie	Die projektor neem 'n toevoersein, verwerk dit en gebruik die **projektor** se beligtingstelsel om dit deur 'n lens af te voer. ✓ **OF** 'n Projektor vertoon inligting wat op enige bepaalde rekenaar is op 'n projeksieskerm of ander soort oppervlak. ✓ (1)

3.1.4



[<https://onlyonline.co.za/product/>]

Naam van hardeware	Geheuekaart (1)
Hooffunksie	'n Geheuekaart is 'n klein bergingsmedium wat gewoonlik gebruik word om data van 'n kamera, ens. te stoor. ✓ **OF** Die mees algemene tipes data wat op 'n geheuekaart gestoor word, sluit video's, foto's, klank en ander tipes lêerformate in. ✓ **OF** 'n Geheuekaart word gebruik vir kleiner, draagbare en afstands-rekenaartoestelle om video's, foto's, klank en ander tipes lêerformate te stoor. ✓ **OF** 'n Geheuekaart stoor data, gewoonlik vir 'n draagbare slimtoestel. ✓ (1)

IEB Copyright © 2022

3.2
- Die verkeerde afskakeling van die rekenaar kan mettertyd tot voortydige komponentfaling lei.
- Wanneer jy die stelsel skielik afskakel, kan die lêers wat die stelsel dalk besig was om na die skyf te skryf, onvolledig wees wat tot dataverlies kan lei.
- Klein kragstuwings kan komponente beskadig. Vir HDD's kan dit die lees/skryf-kop beskadig wat die skyfinhoud lees/skryf.
- Lopende programme wat nie korrek afskakel nie (ook data), kan gekorrupteer word.
- Alle ongestoorde data en programme kan tot datakorrupsie lei. (2)

(*Enige **TWEE** van bogenoemde*) ✓✓

3.3
- Selflaai jou stelsel in veilige modus.
- Herstel jou stelsel tot sy laaste bekende goeie konfigurasie.
- Herinstalleer die bedryfstelsel.
- Herstel deur die installasiemedia te gebruik. (2)

(*Enige **TWEE** van bogenoemde*) ✓✓

3.4 Om *Save* te kies sal die huidige weergawe van die lêer bo-oor die laaste gestoorde weergawe van die lêer stoor. ✓

Om *Save As* te kies laat 'n porboodskap verskyn om die lêer met 'n ander naam te stoor **OF** om dieselfde naam te hou maar dit op 'n ander plek te stoor **OF** om die lêer te stoor deur 'n ander formaat te gebruik. (Enige **EEN** van bogenoemde) ✓ (2)

3.5 3.5.1 (a) Die *Recycle Bin* is 'n tydelike bergplek op 'n stoortoestel vir lêers wat uit die hardeskyf geskrap is. ✓
OF
Die *Recycle Bin* is die veiligheidsnet wanneer dokumente uit die hardeskyf geskrap word. ✓ (1)

(b) Lêers wat uit die USB-toestel (USB-flitsaandrywer, USB-geheuekaart, ens.) geskrap word, sal nie in die *Recycle Bin* geplaas word nie. ✓
OF
Wanneer werk uit 'n draagbare bergingsmedium geskrap word, sal dit permanent geskrap wees. ✓ (1)

3.5.2 Formatering van die aandrywer vee alle data op die aandrywer permanent uit ✓ en herstel dit tot hoe dit was toe jy dit uit die verpakking gehaal het. ✓ (2)

3.5.3 Sodra jy die *Recycle Bin* leegmaak, word al die lêers daarin uit die hardeskyf verwyder en geheuespasie word beskikbaar gestel. ✓ (1)

3.5.4 Hy kan die lêers saamdruk/kompakteer (*zip*). ✓ (1)

[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

4.1
- Baie vinniger aflaaitempo's/vinniger toegang tot of uitruil van inligting.
- Ideaal om na opvoedkundige materiaal/hulpbronne te kyk/dit te stroom.
- Altyd aan – hoef nie te wag dat stelsel inbel nie.

(*Enige **EEN** van bogenoemde*) ✓✓ (1)

4.2 Voordeel
- Minder kabels/groter buigsaamheid/makliker uitbreidingsgeleenthede/ skaalbaarheid.
- Meer mense kan met 'n draadlose netwerk verbind word as met 'n bekabelde netwerk.
- Binne perke kan studente enige plek op die kampus sit/rondbeweeg en steeds verbind wees.
- Maak gastoegang moontlik.

(*Enige **TWEE** geldige voordele*) (2)

Nadeel
- Die sein kan deur obstruksies geblokkeer word.
- Skootrekenaar kan dalk nie draadloos geaktiveer word nie.
- Meer aandag moet aan sekuriteit gegee word.
- Installasiekwessies kan deur ander nabygeleë Wi-Fi-netwerke veroorsaak word.

(*Enige **TWEE** geldige nadele*) (2)

4.3 4.3.1 E-pos ✓ (1)

4.3.2 SMS **OF** WhatsApp **OF** Telegram **OF** kitsboodskappe ✓ (1)

4.3.3 Blogs **OF** eGroup-forum **OF** Nuusbriefpamflette **OF** Twitter **OF** E-pos **OF** Podsending ✓ (1)

4.3.4 Facebook **OF** Sosialenetwerk-webwerwe **OF** Vodsending **OF** Wiki ✓ (1)

4.4
- Gebruik 'n filterprogram.
- Aktiveer die veilige soekopsie op die soekenjin.
- Die dosent kan die verlangde webbladsye aflaai en ongekoppeld (*offline*) beskikbaar stel.
- Die kollege se LAN kan toegang beperk **OF** gebruik 'n proksiebediener **OF** gebruik 'n brandmuur.
- Voed studente op oor die gevare van ontoepaslike inhoud **OF** mense.

(*Enige **DRIE** geldige antwoorde*) ✓✓✓ (3)

4.5 4.5.1 'n Virtuele Privaat Netwerk brei 'n privaat netwerk oor 'n openbare netwerk (OF Internet) uit. ✓ Dit laat lede toe om data te stuur en te ontvang asof hulle deel is van 'n groot privaat netwerk. ✓ (2)

IEB Copyright © 2022

4.5.2
- Indien personeellede weg is van die kollege, kan hulle afstandstoegang tot studentelêers of data verkry.
- Indien personeellede van die huis af werk en 'n vertroulike dokument moet druk, kan hulle dit op die VPN-drukker druk.
- Hulle kan vertroulike werksdata beskerm wanneer hulle in 'n openbare omgewing is.

(*Enige **TWEE** geldige antwoorde*) ✓✓ (2)

4.5.3 Nee. (1)

4.6 Verduideliking:
- 'n Netwerkprotokol is 'n gevestigde stel reëls wat bepaal hoe data tussen verskillende toestelle in dieselfde netwerk versend word. (1)

Voorbeeld:
- Ethernet
- netBEUI (soms netBUI genoem)
- ftp (file transfer protocol)
- VoIP (Voice over Internet protocol)
- TCP/IP (Transmission Control Protocol/Internet Protocol) (Aanvaar een of die ander)
- http/https (hypertext transfer protocol)
- POP/IMAP
- DTP (Dynamic Trunking Protocol)
- SMTP

*(Enige **EEN** korrekte protokol word aanvaar; aanvaar die akroniem)* (1)

[19]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

5.1 5.1.1 Toevoermasker ✓ en Valideringsreëls. ✓ (2)

5.1.2
- Naam en Van
- ID-nommer
- Kontaknommer in 'n noodgeval
- Tipe operasie indien geopereer word/rede vir opname
- Is die pasiënt allergies vir enige tipe medisyne?
- Is die pasiënt op 'n mediese fonds/mediesefonds-nommer?
- Is die pasiënt op enige chroniese medikasie?
- Het die pasiënt 'n COVID-toets gehad?
- Besonderhede van naasbestaandes

(*Enige **TWEE** van bogenoemde*) ✓✓ (2)

5.2 Toevoer
- Die sekretaresse sal al die data moet vaslê wat uit die pasiënte se voltooide terugvoervorms verkry is. ✓

Verwerking
- Sodra hierdie inligting vasgelê is, sal die sekretaresse die data in verskillende kategorieë moet groepeer om te onderskei tussen die verskillende vlakke van diens wat gelewer is en die probleemareas te identifiseer. ✓

Afvoer
- Hierdie inligting kan dan in 'n grafiek/verslag aangebied word om gedruk te word of aan alle verpleegkundiges gestuur te word sodat hulle ingelig kan wees oor areas wat verbeter moet word. ✓

(3)

5.3 Verduideliking
- Enkripsie verwys na enige proses wat gebruik word om sensitiewe data veiliger te maak of moeilik om te lees. ✓

Rede vir enkriptering van data
- Minder waarskynlik om onderskep te word deur diegene wat ongemagtig is om dit te sien. ✓

(2)

5.4
- Grafieke/Kaarte
- Funksies/Formules
- Voorwaardelike formatering
- Filters
- Wat as-ontleding
- Spiltabel/navrae/kaarte, ens.

(*Enige **EEN** van bogenoemde*) ✓✓ (1)

[10]

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

6.1 6.1.1 Dit teken sleuteldrukke aan (om te monitor wat jy tik, om wagwoorde te verkry, ens.) ✓ (1)

6.1.2
- Moenie op skakels in opwipvensters, verdagte webwerwe, ens. klik nie.
- Gebruik sagteware om teen opwipvensters te beskerm (bv. webblaaierinstellings, teenvirusprogramme, opwipblokkeerders, ens.).
- Moenie aanhegsels oopmaak/programme loop/sagteware installeer tensy jy seker is wat dit is nie.

(*Enige **TWEE** geldige WENKE*) ✓✓ (2)

6.2 Mense kan positiewe aspekte van hul eie (en ander) kulture en tale opteken/oordra/deel/bevorder. ✓ (1)

6.3
- Aanbod van onverwagte, gratis of "te goed om waar te wees"-dienste/ goedere/belonings.
- Jy word versoek om iemand te kontak of 'n skakel te volg.
- Jy ken nie die sender nie/verdagte e-posadres.
- Persoonlike toon van iemand wat 'n vreemdeling is – poging om "op jou gevoel te speel".
- E-pos is nie aan jou persoonlik gerig nie, maar byvoorbeeld aan "undisclosed recipients".
- Spel- en/of grammatikafoute ens.

(*Enige **TWEE** geldige punte*) ✓✓ (2)

6.4 Definisie:
- 'n Botnet (afkorting vir "robotnetwerk") is 'n netwerk van rekenaars wat geïnfekteer is deur boosware wat onder die beheer is van 'n enkele aanvallende party, bekend as die "botherder". ✓

Hoe dit werk:
- Die doel met die skep van 'n botnet is om soveel verbinde toestelle moontlik te infekteer en om die rekenkrag en hulpbronne van hierdie toestelle te gebruik om die kwaadwillige aktiwiteite te outomatiseer en te vergroot. ✓ (2)

6.5 Let op hoeveel data jy gebruik
Moenie onnodige inligting aflaai net omdat jy kan nie
Moenie werwe met ontoepaslike inhoud besoek nie
Vra elke keer voordat jy die verbinding gebruik, ens.
(*Enige **TWEE** geldige punte*) ✓✓ (2)

6.6 'n UPS is vir tafelrekenaarstelsels bedoel om hulle teen kragabnormaliteite (kragonderbrekings/stuwings/spitse) te beskerm ✓ en nie vir mobiele toestelle wat met 'n battery toegerus is nie. ✓ (2)

[12]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

7.1 Probleem:
- Wanneer die formule in sel E3 ondertoe gekopieer word na selle E4, E5, ens., sal die selverwysing D1 verander (na D2, D3, ens.), terwyl dit konstant/dieselfde moet bly. ✓

Oplossing:
- Gebruik absolute adressering. ✓ (2)

7.2 = D3 / C3
Korrekte selle gebruik ✓ en in korrekte volgorde gedeel ✓

(Let wel: Ken slegs 1 punt toe vir = D3 / C3 * 100) (2)

7.3 Stoor name en vanne in afsonderlike kolomme ✓ (1)

7.4 Antwoord: 0 ✓ (1)

7.5 Vir siende mense:
- ALT-eienskap voorsien die teks wat vertoon moet word indien die beeld nie vertoon kan word nie. ✓

Vir swaksiende/blinde mense:
- Skermleessagteware gebruik die teks wat deur die ALT-eienskap voorsien word om die beeld vir die gebruiker te beskryf. ✓ (2)

7.6 *Show*-blokkie vir Surname moet gemerk word ✓
Kriteria vir Surname moet oorheersstring (*wildcard*) insluit / moet "D*" wees ✓
Kriteria vir albei velde moet in dieselfde ry wees ✓
Kriteria vir ID_Number moet "Not" uitsluit/moet wees "Is Null" ✓ (4)

7.7 Hersienings (die meeste) word in die regterkantlyn vertoon, wat die dokument minder verwarrend en makliker maak om te lees. ✓
OF
Beïnvloed nie teks of dokumentuitleg nie. ✓ (1)

7.8 Sodat die naam outomaties bygewerk sal word (indien die dokument byvoorbeeld hernoem word) ✓ (1)

[14]

75 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

8.1 8.1.1
- GPS-kaarte word gereeld bygewerk.
- Stemaanwysings kan gebruik word wanneer jy ry.
- Nie nodig om 'n oop papierkaart te hê wat baie spasie in beslag neem nie.
- Roetes kan outomaties deur die toestel beplan word.
- Veiliger om stemaanwysings te gebruik as om 'n kaart te probeer lees terwyl jy ry, ens.

(*Enige **TWEE** geldige antwoorde*) ✓✓ (2)

8.1.2 Proses waardeur die geografiese posisie waar 'n foto geneem is (d.w.s. lengte- en breedteligging) ✓ by die lêer bygevoeg word ✓ (metadata/lêereienskappe) (2)

8.1.3
- Om weer die presiese plek te kry waar 'n foto geneem is.
- Help om foto's volgens plek te orden.
- Dui die ligging in 'n toepassing soos Google Maps presies aan.

(*Enige **TWEE** geldige antwoorde*)✓✓ (2)

8.2 8.2.1 'n Skootrekenaar is 'n klein, draagbare rekenaar – klein genoeg sodat jy dit op jou skoot kan hou. ✓ Deesdae word skootrekenaars meer gereeld notaboekrekenaars genoem, alhoewel skootrekenaars tegnies 'n bietjie groter as notaboeke is (dikker en swaarder). ✓

OF

Tegnies is daar nie regtig 'n verskil ✓ tussen 'n skootrekenaar en 'n notaboek nie, aangesien die enigste verskil die gewig of dikte van die toestel sal wees. ✓ (2)

8.2.2 Die grootte van die skerm (1)

8.2.3 USB-spil (1)

8.2.4 Vingerafdrukleser-sekuriteit is 'n biometriese sekuriteitsmaatreël wat toegang tot die notaboek moontlik maak deur middel van skandering van die vingerafdruk van die gebruiker. ✓

Dit is 'n beter manier as om 'n gebruikersnaam en wagwoord te gebruik, aangesien dit uniek is en nie gekopieer kan word nie. ✓ (2)

8.2.5 Stelselsagteware/Bedryfsagteware/Bedryfstelsel. ✓ (1)

IEB Copyright © 2022

8.3 8.3.1 6 ppm. ✓ (1)

8.3.2 (a) Dit is sagteware/'n program/'n nutsprogram ✓ wat dit vir die drukker moontlik maak om met die bedryfstelsel/rekenaar te kommunikeer/deur die bedryfstelsel/rekenaar gebruik te word. ✓ (2)

(b)
- Kontroleer watter aandrywers outomaties deur die bedryfstelsel se databasis geïnstalleer is/laai generiese aandrywers.
- Kontroleer op die CD wat saam met die drukker gekom het.
- Laai van die Internet/vervaardiger se webwerf af.
- Leen 'n CD by iemand wat dieselfde drukker het.
- Kry by 'n rekenaarwinkel, ens.

(*Enige **TWEE** geldige antwoorde*) ✓✓ (2)

8.3.3
- Enige mobiele toestel soos 'n slimfoon kan draadloos met die drukker verbind word.
- Elkeen in die onderneming kan van enige plek in die kantoor met die drukker verbind word.

(*Enige geldige antwoorde*) ✓✓ (2)

8.4 8.4.1 EULA:
- End User Licence Agreement. ✓

Waarna EULA verwys:
- Die EULA is 'n kontrak wat die gebruiker toelaat om die sagteware te gebruik.
- Die EULA lisensieer jou toep vir die gebruiker.
- Die EULA beperk sekere misbruike van jou toep.
- Die EULA maak dit moontlik om aanspreeklikheid te beperk.
- Die EULA maak dit vir jou moontlik om waarborge te verwerp.
- Die EULA kan jou reg beskerm om lisensies te beëindig of gebruik te staak sonder enige gevolge.

(*Enige **EEN** geldige antwoord*) ✓ (2)

8.4.2 Facebook besit effektief enigiets wat jy op die werf plaas. ✓ Dit beteken dat hulle met die inligting kan doen wat hulle wil sonder om jou te raadpleeg of te betaal. ✓ (2)

8.5 'n Assistent (*wizard*) is 'n eienskap wat die gebruiker deur die installasie of opstelling van 'n sagtewareprogram of hardewaretoestel lei. ✓ Anders as 'n handleiding of aanlyn hulp, lei 'n assistent jou stap vir stap deur die installasie deur 'n reeks vrae te vra. ✓ (2)

[26]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 9.1.1 Dit beteken dit is verpligtend/'n vereiste ✓ om data in die veld in te sleutel. (1)

9.1.2
- Party mense sal nie die opname voltooi nie omdat hulle nie bewus is van die opname nie.
- Party mense het dalk nie toegang tot rekentoestelle/die Internet nie.
- Dalk weet mense nie hoe om rekenaars te gebruik nie.

(*Aanvaar enige **EEN** van bogenoemde*) ✓ (1)

9.1.3 Verduideliking:
- 'n Blog is 'n besprekings- of inligtingswebwerf wat op die Wêreldwye Web gepubliseer word en bestaan uit afsonderlike, dikwels informele dagboekstyl-teksinskrywings (plasings). ✓

Goeie praktyk:
- Gebruik sleutelwoorde.
- Gebruik titels wat die moeite werd is om op te klik.
- Kies 'n nis en bly daarby.
- Skryf akkurate metabeskrywings.
- Skryf inhoud vir jou gehoor.
- Voeg blogetikette by.
- Skakel intern en ekstern.
- Plaas dikwels.
- Skryf uitstekende inhoud.
- Bevorder jou blog en moedig betrokkenheid aan.

(*Aanvaar enige **TWEE** van bogenoemde*) ✓ ✓ (3)

9.1.4 Omdat 'n **RES-** (Regtig Eenvoudige Sindikaat-) **voer** 'n aanlyn lêer is ✓ wat 'n opsomming bevat van elke brokkie inhoud wat die reisagentskap aanlyn gepubliseer het, dikwels met skakels na die volledige artikel. Elke keer wanneer nuwe inhoud gepubliseer word, sal besonderhede oor hierdie inhoud outomaties na elke kliënt gestuur word. Hulle sal dan net op daardie artikels waarin hulle belang stel, kan klik. ✓ (2)

9.2 9.2.1 Verslag ✓ (1)

9.2.2 Doel
- Verseker dat daar geen duplikate is nie/dit uniek is.
- Kan as 'n primêre sleutel gebruik word, aangesien dit uniek sal wees.

(*Aanvaar enige **EEN** van bogenoemde*) ✓

Hoe dit werk
- Inkrementeer/vermeerder outomaties die waarde in die veld vir elke nuwe rekord. ✓ (2)

IEB Copyright © 2022

9.2.3
- Navraag kan vir toekomstige gebruik gestoor word.
- Indien die tabel bygewerk word, sal die navraag outomaties bygewerk word.
- Kan verslae of ander navrae op grond van bestaande navrae skep.
- Berekeningsvelde of velde wat die data manipuleer, kan bygevoeg word.

(*Aanvaar enige **DRIE** van bogenoemde*) ✓✓✓ (3)

9.3 9.3.1 Dit sal geen effek hê nie. ✓ (1)

9.3.2
- Die afmetings wat gespesifiseer word, is nie in ooreenstemming met die oorspronklike aspekverhouding nie. ✓

OF

- Die balans/verhouding tussen hoogte en breedte is verkeerd. ✓ (1)

9.3.3 Toeganklikheid
- Die blinde gebruiker sal nie kan verstaan waaroor die beeld gaan nie. ✓

Motivering
- Daar is geen ALT-eienskap nie (vir die skermleser). ✓ (2)

9.4 9.4.1 Die "X" langs die luidspreker dui aan dat die luidsprekers gedemp (afgeskakel) is. ✓ (1)

9.4.2
- Kontroleer of luidsprekers in die korrekte prop geplaas is.
- Kontroleer of luidsprekers se krag aangeskakel is.
- Probeer om met ander luidsprekers om te ruil.
- CD/klanklêer kan beskadig wees; probeer 'n ander een.
- Kontroleer volumebeheer-nutsprogram.
- Toets om te hoor of Windows-verstekstelsel klank het.

(*Aanvaar enige **DRIE** van bogenoemde*) ✓✓✓ (3)

9.5 9.5.1 Pastel, Brilliant Accounting, Quick Books, AccPac, SageX3, TurboCash, GnuCash, KmyMoney.
(*Aanvaar enige **EEN** van bogenoemde*) ✓ (1)

9.5.2
- Kwaadwillige doeleindes.
- Uit verveling.
- Om ego te streel/Om te wys hoe goed hulle kan programmeer.
- Vir ekonomiese gewin, ander sal dan 'n teenvirusprogram moet koop.
- Om sekuriteitskuiwergate te skep/uit te buit.

(*Aanvaar enige **TWEE** van bogenoemde*) ✓ (2)

[24]

50 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2022